The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

Publication
RAPPORT JHB
Page
14
Date
Sun 22 Mar 2020





**Amanda Strydom maak musiek saam met Coenraad Rall en Susan Mouton op die gratis aanlyn konsert gister. Hulle sou dié konsert op die KKNK gehou het.** | FOTO'S: DEON RAATH

# Leë teater, maar wêreld luister

**Jaco Nel**

Van so ver as Kanada, Nieu-Seeland, Australië, Hongkong, Swede, Afganistan, Paraguay, Nederland en Taiwan het mense gisteraand 'n Afrikaanse musiekkonsert in Pretoria "bygewoon".

Hoe hard die meer as 30 000 mense in 65 lande hande geklap het, sal die kunstenaars nie weet nie, want die Atterbury-teater was dolleeg. Weens die gevaar van Covid-19 is die gratis aanlyn konsert sonder 'n gehoor gehou.

Amanda Strydom, Theuns Jordaan, Jannie Moolman, Jak de Priester, Johrné van Huyssteen, Ricus Nel, Kevin Leo en Ruhan du Toit was op die verhoog.

Corlea Botha sou ook daar gewees het, maar sy het vroegmiddag laat weet sy voel koorsig. Daarom was sy bang om tussen die ander sangers te wees, maar sy was darem gereed om haar liedjies op Skype te sing.

Die sangers het elk al meer as tien konserte vir die maand verloor, maar vir baie van hulle was gisteraand toe een van hul grootste konsert nog.

Matthys Maree, 'n musikant wat vir die teater verantwoordelik is, sê hulle hoop om 'n inkomste uit aanlyn konserte te verdien.

"Ons het nou 'n groot gratis konsert gehou, maar van volgende week af kan ons begin om konserte vir kykers te verkoop."

Strydom sou op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) gesing het, wat ook afgelas is. Nou is haar konserte tot in Junie gekanselleer.



**Ruhan du Toit sing saam met Matthys Maree in 'n leë teater.**

"Dit is my lewe as ek sing. My man het intussen al afgetree, so ek werk alleen vir ons. Ek weet glad nie wat ek verder in die bedryf gaan doen nie."

Strydom sê sy is darem dankbaar vir huiskonserte waar sy kan optree.

Moolman sou ook op die KKNK gewees het. Volgens hom begin die meeste sangers in Maart met optredes vir die jaar. "Nou is daar niks en dan het ons skielik nie 'n inkomste nie."

Moolman werk nou by die eiendomsagentskap Re/Max.

Volgens hom is konserte al waarmee sangers kan geld maak.

"Ek en Corlea Botha het vier jaar gelede 'n CD gemaak, *Alle paaie lei na Rome*. Ons het toe meer as 30 000 albums verkoop. Vandag gaan jy nie eers 2 000 albums verkoop nie."

Nes die KKNK het die Atterbury-teater mense wat kaartjies gekoop het vir gekanselleerde konserte die opsie gegee om die geld nogtans vir die kunstenaars te skenk.